

DIE GEREFORMEERDE *Vroueblad*

JULIE 2019

Om-gee- wingsbewus

- **Die Here is Skepper...**
- **Ontdek God se lewensruimte**
- **Wat maak jy hier?**

Saamtrekbylaag 2019

PRYSE (per tydskrif):

SELF-AFHAAL: R21-90

GROEPE (POS): R31-90

INDIVIDU (POS): R34-36

ELEKTRONIES: R11-45

Inhoud

Julie 2019



6

GEREELD

- 3 Redakteursbrief
- 4 Lidmaatpraat
- 5 Sodat my huis kan vol word:
Vroue wat bid vir ander doen
geestelike spitwerk

IN-DIEPTE

- 6 Die Here is Skepper, Heilige, Koning
- 8 Ontdek die lewensruimte wat God
skenk



8

- 10 Ons opdrag teenoor God se
skepping
- 11 Gee om vir jouself en vir ander
- 12 Skepping en Herskepping

SIELSDINGE

- 14 Emigrasie: Die realiteit versus die
droom...

LEEFDINGE

- 16 Wat maak jy hier?
- 18 Reënboogtaal
- 20 Om-gee-wingsbewus



10

- 22 My plastiek en ek
- 24 God se omgee en ons omgewing
- 26 Leef Om-gee-wingsbewus
- 28 Reseptebled: Lasagne
- 29 Lees in Augustus 2019
- 29 Gemeentedagboek
- 29 Intekenvorm
- 30 Hartskatte
- 31 Geure in die Bybel (5)
- 32 Kaleidoskoop Julie 2019



*'N PUBLIKASIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA

Ander publikasies van die GKSA:

- Die Kerkblad
- Die Slingervel (Laerskoolkinders)
- Die Kruispad (tieners en jongmense)

Bied ook verrykende geestelike leesstof en kan bestel
word by die Administratiewe Buro: (018) 297 3986.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van
die Redaksie nie. Die Redaksie behou hom die reg van plasing asook die
redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

WIL JY GESELS OOR IETS?

SMS: 082 555 9586 (begin SMS met VB)

E-pos: cobiesteyn@live.com

Facebookblad: Gereformeerde Vroueblad
Slakkepos: Posbus 178 Lydenburg 1120.

(Hierdie besonderhede is nie vir administratiewe soos
inskrywings of kansellasies bedoel nie – skakel die
Administratiewe Buro in Potchefstroom: (018) 297
3986)

Besoek ons Facebookblad en deel met ons wat julle
gemeente of gemeenskap doen om herwinning in
julle omgewing te bevorder.

JAARGANG 74 NOMMER 2

Om-gee-wingsbewus

— — — — — brief van die redakteur — — — — —



Elke nuwe plan lê hopeloos verfrommel,
want iets sê: "Stomme drommel,
die ruimte lê vol rommel!"
En ek begin verstaan:
Daar is geen nuwe oord om heen te gaan,
want kyk, daar lê reeds spore op die maan.
(Uit Koos du Plessis se *Spore op die maan*)

My susters in die Here,

So het ons weer by ons feestelike uitgawe gekom wat vertel van die afgelope saamtrekke wat gedurende Maartmaand in die onderskeie streke plaasgevind het. Die sprekers het hulle goed van hulle taak gekwynt en die onderwerp is deeglik onder die loep geneem.

In ons tydskrifgedeelte van hierdie uitgawe kan jy sommer lekker lees aan al die artikels wat dan juis handel oor die tema van Saamtrek-2019, naamlik OM-GEE-WINGSBEWUS. Ons toerusters het nie net gepraat nie, hulle het ook potlode skerp gemaak en die toerusting wat hulle by die saamtrekke gelewer het, vir ons in pennevrug aangebied. Baie dankie daarvoor. Elke toeruster se verwondering oor God se skepping het opgeval.

Al die streke het vir ons vertel hoe sake op die dag van die saamtrek by hulle verloop het. Die kreatiwiteit het oorgeborrel, maar ek hoef dit nie vir jou te vertel nie. Daarvan kan jy meer gaan lees in ons *Saamtrekbylaag* – en daar is pragtige foto's wat die storie so saam met die letters vertel. Daar het ruim bydraes uit die streke gekom vir ons Bladbouersfonds en daarvoor loof ons die Here. Dankie aan elke streek vir hulle bydrae – ons redaksie waardeur dit uit ons harte uit.

Ons blad is lekker vol van al die Saamtrek-dinge, daarom sal jy sien dat van ons gereelde rubriekskrywers maar 'n bietjie laag kon lê. Maar dis goed so – hulle verdien mos ook 'n blaaskansie. Volgende maand is hulle almal weer op hulle pos.

Ek hou niks daarvan om te praat oor prysverhogings nie, maar dit is einde van die boekjaar en ons moes die begroting in die oë kyk (soos wat dit in alle goeie huishoudings maar gaan!). Die nuwe pryse verskyn op die intekenvorm (p. 29) en ons pryse is nog steeds billik. Vir elf uitgawes per jaar, selfs al bestel jy as enkeling jou tydskrif deur die pos, betaal jy minder as vir een goeie uiteet-geleentheid. Uiteet se kos raak op een aand klaar, maar die geestelike verryking wat jy uit ons blad kry, dra jy saam in jou hart. Ondersteun ons asseblief in die volgende boekjaar.

Die tema vir die saamtrekgeleentheid van 2020 (ek weet nie hoekom klink hierdie jaartal net vir my so móóí, so rég nie!) sal jy sien op die laaste bladsy van ons *Saamtrekbylaag 2019*.

Seën vir elkeen van julle en geniet die saamtrekstories.

Liefdegroete
Cobie Steyn



Ons is op *Facebook*: Gereformeerde Vroueblad. Gaan *Like* ons!

Ons opdrag God se skep

DEUR DS. MARNIX BOERSEMA
SAAMTREKTOERUSTING:
OOS-KAAP
SATERDAG 9 MAART 2019

Ons geloof, of noem dit dan nou maar ons teologie, vorm die basis vir ons optrede in die skepping. En die Here leer ons ook in die Bybel hoekom dit so is – die mens is uit die grond geneem, sê Genesis. Voor die sondeval was daar ‘n noue verbintenis en ‘n verantwoordelikheid wat die mens met die skepping gehad het – hoekom? Want dit is hoe God dit bedoel het.

Die orde van God se skepping

Ons almal ken die teksgedeelte in Gen. 1:27 wat sê die mens is geskape “na God se beeld”. Dit beteken dat die mens God in sy skepping moet reflekteer. Die mens is nie net ‘n besondere skepsel wat die beeld van God dra nie, maar hierdie Adam en Eva moet ook heers oor die skepping.

In Gen. 2:2 lees ons God het gerus. Die Here los nou die mens en die skepping in ‘n staat van perfekte harmonie, orde en deurlopende rus en vrede.

Die orde word versteur

Tog is die skepping deur die mens se ongehoorsaamheid in ‘n staat van disharmonie gedompel. Die orde wat daar was, is nou deur die mens omvergewerp en nou is daar chaos. Die skepping, die mens en elke organisme is elke dag besig om te degenerereer. Ons word nie beter nie, alles loop af, tot op ‘n finale laagtepunt.

teenoor ping

Die orde word in Christus herstel

Maar Jesus het in hierdie rustelose staat wat na die sondeval geheers het, neergedaal en vlees en bloed aangeneem, om aan ons, mense, gelyk te word. Dit doen Hy om die gevolge van die sondeval op Hom te neem. Hy kom om die rus wat daar in die paradys was, te herstel.

Die Here sal ook finaal die skepping herstel, by sy wederkoms wanneer Hy bekend maak wie sy kinders is. Die hoop van die Evangelie aan ons wat glo, is dat ons eendag saam met Jesus Christus sal regeer oor die aarde. Hy sal ons weer konings maak om te heers oor die visse, die voëls en die diere.

So hoe moet ek en jy wat glo in Jesus, dan nou omgaan met die skepping?

'n Gelowige het 'n liefde vir die grond, sorg vir sy diere, gee om vir God se skepping. Ons weet steeds ons is aangestel om te heers oor God se skepping en dat ons dit moet bewerk en bewaak, al is dit vanweë die gebrokenheid van die sonde nou moeilik om dit reg te kry. Maar ons kan daarin slaag, want ons het 'n Christusverwagting. Ons verwag ook sy wederkoms. Terwyl ons na die beste van ons vermoë bewerk en bewaak, sien ons hoopvol uit na dié dag wat die Here weer alles sal herstel. ▣

Gee om vir jouself en vir ander

DEUR DS. DIRK DE BRUYN
SAAMTREKTOERUSTING: OOS-KAAP.
9 MAART 2019.

Ons siening van onself en ons geloof beïnvloed die manier waarop ons met God se skepping omgaan...

Selfbeeld in die wêreld se oë

Nathaniel Branden, 'n prominente psigiater van die 1960's het die ses pilare van 'n gesonde selfbeeld daar gestel. Tot en met die 20'ste eeu het mense gedink 'n te hoë selfbeeld veroorsaak al die probleme in die samelewing. Dit is gesien as die oorsaak van die diefstal en geweld in die wêreld.

Vandag word die teenoorgestelde aanvaar. Die rede waarom mans byvoorbeeld hulle vroue slaan, kinders ander boelie, mense misdadigers is, word toegeskryf aan 'n lae selfbeeld. Deur die eeue heen word alle menslike probleme deur die wêreld gekoppel aan 'n hoë of 'n lae selfbeeld. Hierdie siening is baie aantreklik want dan is dit nie vir jou nodig om enigsins jouself en jou eie sonde in die gesig te staar nie. Al wat jy hoef te doen is om mense te ondersteun en hulle op te bou.

Die Bybelse siening van selfbeeld

Voor die sondeval het die mens nie 'n oordrewe of lae selfbeeld nie gehad nie. Intendeel hy fokus nie op homself nie, maar op God – om tot eer van sy Skepper te leef.

Na die sondeval verander die mens se siening van homself. Voor die sondeval was die mens kaal maar nie skaam nie, tog na die sondeval, wil hulle klere aantrek en besef hulle hulle is kaal. Sedert die sondeval was daar 'n oordrewe fokus op die mens se beeld van homself in plaas van die mens wat moet leef as beeld van God.

Paulus gee die oplossing in 1 Korintiërs 4:3-4. Hy laat nie toe dat sy eie gewete of ander mense hom aankla nie. Net die oordeel van die Here is vir hom belangrik. Die Here het deur Jesus reeds oor sy lewe geoordeel. Hy is regverdig deur sy geloof.

Omgee vir jouself en vir ander begin deur te fokus op wat die Here van jou sê. Indien jy dit nie doen nie sal jy heelyd leef met selfverwyt of 'n te hoë selfbeeld. Maar wanneer jy jouself as hernieuende beeld van God sien, kan jy deur die werking van die Heilige Gees jou lewe tot eer van God geniet. Dan kan jy jou taak as beeld van God opneem deur alles tot sy eer te doen. Jy is ook in staat om ander te dien omdat Christus jou nuutgemaak het. ▣

Omgee-wir

DEUR PROF. KOBUS VAN DER WALT, NWU – SAAMTR

As 'n mens die aarde vergelyk met ander hemelliggame, is ons werklik minder as stoffies op 'n skaal. Daar kan byvoorbeeld 1,3 miljoen aardes binne-in ons son ingepas word, maar die son is maar 'n klein sterretjie, want daar kan meer as 1 miljard sonne binne in die reuse ster Antares ingepas word. Die bekende aantal hemelliggame is net so verbysterend – net in ons eie sterrestelsel (wat ons die Melkweg noem) is daar tussen 100 en 500 miljard sterre, en wetenskaplikes beraam dat daar nagenoeg 40 miljard bewoonbare planete in die Melkweg is. Ons weet egter van meer as 100 miljard ander sterrestelsels en namate die mens se waarnemingsvermoë verbeter, vermeerder hierdie getal voortdurend. Dit lyk dus of daar miljarde ander planete bestaan waarop die mens sal kan vestig as ons die reserwes van die aarde sou uitput. Die groot probleem is egter afstand, want as jy teen die snelheid van lig sou kon reis (wat onmoontlik is), sal dit vier en 'n half jaar neem net om die naaste ster aan ons te bereik. Wat dit beteken is dat ons slegs hierdie aarde het waarop die Here ons geplaas het – ander bewoonbare planete is onbereikbaar ver.

Ontoereikende rentmeesters

Ons is as rentmeesters aangestel om te heers oor die skepping. Ons slaag egter glad nie goed in hierdie Godgegewe taak nie, hoofsaaklik vanweë die ongebreidelde aanwas van die mens. Elke 4 dae is daar 1 miljoen meer mense op aarde, en al hierdie mense moet gevoed word, hulle moet water kry, hulle moet klere kry, hulle moet opleiding kry en hulle moet uiteindelik werk kry. Enige regdenkende mens sal besef dat hierdie situasie onvolhoubaar is. Die miljarde tonne kweekhuisgasse wat die atmosfeer ingeblaas word is besig om die klimaat wêreldwyd te verander, en tesame daarmee is die ontsaglike besoedeling van miljoene tonne afvalprodukte besig om plante en diere op groot skaal uit te wis. Die Wêreld-Natuurlewe-vereniging het bevind dat nagenoeg die helfte van alle spesies op aarde sedert 1970 uitgesterf het direk as gevolg van die mens se invloed op die natuur.

As ons na die toekoms kyk, lyk dit inderdaad onseker omdat die mens die verbysterende kompleksiteit van die natuur nog maar slegs gedeeltelik verstaan. Daar bestaan byvoorbeeld natuurlike siklusse in die son en ook op aarde waarvan die oorsake en gevolge tans nog duister is. Ons verstaan egter genoeg om te besef dat die mens nie kan aangaan soos tevore nie, want dit kom neer op self-uitwissing. Ons probeer dus maatreëls tref soos internasionale klimaatsverdrae, en ons koop songeisers, spaar water en hersirkuleer ons afval, maar of al hierdie pogings genoegsaam is om die agteruitgang van die natuur te keer, is 'n ope vraag.

Die almagtige, genadige God in beheer

Gelukkig is die mens nie slegs op hom of haarself aangewese nie. Ons dien 'n almagtige, genadige God wat in beheer is van letterlik alles – van die aantal hare op ons hoofde tot by die aantal spesies wat uitsterf en die mate waartoe

ingsbewus...

LEKTOERUSTING BOSVELD, SATERDAG 9 MAART 2019.

klimaatverandering meer intense droogtes en vloede veroorsaak. Die feit dat die mens egter nie God se gedagtes kan peil nie en daarom maar min verstaan van sy wil, bring mee dat mense wat hul vertrou op God plaas gekritiseer en bespot word – veral as gelowiges getref word deur rampe. Militante ateïste dryf openlik die spot met gelowiges.

Ateïste maak egter vier denkfoute:

- Eerstens, as die wetenskap iets verklaar, sê dit nog nie wat dit is nie, maar slegs hoe dit werk (byvoorbeeld swaartekrag of energie).
- Tweedens beweer ateïste dat wanneer ons iets wetenskaplik kan verklaar, dit die bestaan van 'n Skepper uitsluit. Hierdie bewering is vals, want om te beweer dat die Wright-broers 'n verdigsel is omdat ons vandag wetenskaplik kan verklaar hoe 'n vliegtuig in die lug bly, is nie geldig nie.
- Derdens is ateïste lief daarvoor om Christene te beskuldig daarvan dat ons glo in 'n "God of the gaps". Hierdie paradigma beteken dat as ons iets nog nie verstaan nie, dit toegeskryf word aan 'n almagtige, alomteenwoordige God, maar sodra die wetenskap ontwikkel en die mens die vraagstuk bemeester het, is God nie meer nodig nie en word Hy opsygeskuif. Hierdie beskuldiging is eweneens vals, want opregte gelowiges glo nie slegs in 'n God van die dinge wat ons nie verstaan nie, maar ook in 'n God van die dinge wat ons wel verstaan. Hoe beter gelowiges die skepping verstaan, hoe groter word ons bewondering vir God.

- Laastens sê ateïste dat alles in die heelal verklaar kan word in terme van fisika en chemie. Hierdie argument se doodskoot is egter byvoorbeeld die bestaan van uiters komplekse inligting in DNA. Inligting en die oorsprong daarvan kan nie in terme van fisies-chemiese prosesse verklaar word nie. Inligting vereis 'n intelligente outeur.

Verwonder jou aan God se outeurskap in die natuur...

Daar is talle voorbeelde waar God se almagtige outeurskap gesien kan word in die natuur. Slegs mense aan wie God die genadegawe van geloof geskenk het, is egter in staat om dit raak te sien. Vir ons wat so bevoorreg is om die enigste ware God te mag dien, geld die spreuk wat amper twee eeue gelede deur Waldo Ralph Emerson neergeskryf is: "Alles wat ek kan sien, leer my om die Here te vertrou vir alles wat ek nie kan sien nie". Vir gelowige kinders van God is die toekoms daarom nie 'n skrikwekkende onsekerheid nie, want ons weet dat ons veilig in sy hande is.

... en lewe gehoorsaam en matig...

Mag ons nou maar in uitspattige oordad voortgaan om die wêreld te besoedel en te veroorsaak dat talle diere en plante uitsterf? Natuurlik nie – die Here verwag van ons om in gehoorsaamheid 'n lewe van matigheid te lei waarin ons Hom liefhet bo alles, en ons naaste soos onself. Ons kry genoeg inligting om te weet wat die regte omgewingsdinge is om te doen – kom ons doen dit dan met oorgawe, terwyl ons sonder ophou die blye Evangelie verkondig! **V**